MIDDIES
going places
SINCE 1918

Middelburg Hoërskool

JY HOORT HIER!

Voornemende Middie 2017

www.middies.co.za MHS Middelburg_HS

Middelburg Hoërskool

MIDDIES going places SINCE 1918

Beste voornemende 2017–MIDDIE

Baie geluk met jou besluit om aan te sluit by die Middiefamilie. Jy gaan beslis nie spyt wees oor jou keuse nie … ons is 'n **WENSPAN** in groen en goud! Ouers, u kind sluit aan by 'n skool wat 'n ryke tradisie van prestasies op akademiese-, kultuur- en sportgebied het.

Uit ondervinding wéét ons dat elke nuwe **gr 7-leerder** nie kan wag om MHS-skooldrag te gaan aankoop nie. **SCHOOL ZONE** is ons verskaffers en is baie gerieflik geleë op die skoolterrein (net binne die hoofhek aan jou regterkant).

SEUNS: SOMERSDRAG (1 SEP. – 30 APR.)

- Kakiehemp.
- Kort kakiebroek.
- Skooltrui- en baadjie.
- Skool-oortrektrui.
- Groen skoolkouse met skoolkleure (nie rugbykouse nie).
- Swart skoolskoene met veters (geen gespe).
- Geen stewels nie.
- Groen skooldas.

SEUNS: WINTERSDRAG (1 MEI – 31 AUG.)

- Wit langmouhemp.
- Grys skoollangbroek vir gr. 8 & 9 met grys of swart gordel - geen groot gespes (buckles) nie.
- Skooldas.
- Swart toerygskoene met veters.
- Skooltrui- en baadjie.
- Swart skoollangbroek (Gr. 10, 11 en 12).
- Geen skoolsweetpak nie.
- Skoolserp. Geen Springbokserpe nie.
- Baadjies tydens saalperiodes.
- Geen "skinny's" of denims nie.

SEUNS: HARE

- Jou haarpunte mag nie aan jou hemp se kraag raak wanneer jy regop staan nie.
- Die vorm van jou haarstyl moet by die natuurlike vorm van jou kop pas.
- Geen uitgesnyde vorms of paadjies mag gesny of geskeer word in die hare of tot teen die kopvel nie.
- Jou hare mag op geen plek op jou kop langer as 5cm wees nie.
- Jou hare mag nie aan jou ore raak wanneer dit reguit gekam word nie.
- Jou kuif mag nie aan jou wenkbroue raak nie.
- Jou natuurlike haarkleur moet gehandhaaf word. Jy mag wel jel of mousse gebruik om 'n moeilike haredos in toom te hou.
- Geen toutjies- of gevlegte hare nie.
- Geen eksotiese of onnatuurlike haarstyle word toegelaat nie.
- Jou hare moet onder alle omstandighede netjies lyk en mag nie onnodige aandag trek nie.
- Seuns se baard en snor moet ten alle tye glad geskeer wees.
- Jou kantbaard moet geskeer of gesny word in lyn met jou oor kanaal.

SEUNS: JUWELE

- Polshorlosie sonder enige versierings. (Horlosiebandjies toelaatbaar anders as goud of silwer: skoolkleure - groen / swart / wit / geel / bruin leerbandjie.)
- Slegs lapelwapens/speldjies van die skool of aktiwiteite waarby die skool betrokke is, mag op baadjielapelle gedra word.
- Een MIDDIE-bandjie en een MIDDIE-link-bandjie word om gewrig toegelaat.
- Geen tongringe of juwele wat "piercings" vereis, word toegelaat nie.
- Geen tatoeëring mag by Middie skool- of sportdrag sigbaar wees nie.

DOGTERS: SOMERSDRAG (1 SEPT – 30 APR)

- Groen romp (die lengte van die dogters se romp moet 10cm vanaf grond wees wanneer hul op knieë staan).
- Wit kortmouhemp met wapen op sak.
- Onderklere moet aanpas by kleurskakering van klere.
- Swart skoolskoene met bandjie oor die voet.
- Kort wit sokkies (omgevou).
- Skool oortrektrui.
- Skooltrui- en baadjie indien nodig.

DOGTERS: WINTERSDRAG (1 MEI – 31 AUG)

- Groen romp (dieselfde as somersdrag).
- Wit langmouhemp.
- Onderklere moet aanpas by kleurskakering van klere.
- Skooldas.
- Skool oortrektrui.
- Skooltrui- en baadjie as dit koud is.
- Swart broekiekouse.
- Swart skoollangbroek soos voorgeskryf vir meisies. Beskikbaar by School Zone. (Geen stywe broeke, "skinny's" of denims nie.)
- Swart kouse by swart broeke.
- Skoene soos vir somersdrag.
- Skoolsweetpak en sportdrag is nie skooldrag nie.
- Slegs skoolserpe. (Springbokserpe word nie toegelaat nie.)

DOGTERS: HARE

• Lang hare moet vasgebind of gevleg wees. Geen los slierte word toegelaat nie.
• Groen, wit, swart of geel haarlinte.
• Bruin of swart knippies (geen blink knippies nie).
• Wit, swart of groen haarbande. Geen kant of lint haarbande word toegelaat nie. Geen "buffs" nie. Kopbande moet 'n doel hê.
• Kuiwe mag nie oor die wenkbroue hang, of oor die gesig val nie.
• Lang kuiwe moet vasgesteek word.
• Hare mag nie aan die een kant kort geskeer en aan die ander kant lank gedra word nie.
• Hare moet deeglik gekam en geborsel wees.
• Jou natuurlike haarkleur moet gehandhaaf word.
• Geen eksotiese of onnatuurlike style word toegelaat nie.
• Jou hare moet ten alle tye netjies lyk en mag nie onnodige aandag trek nie.
• Stertjies in die nek word nie toegelaat nie.
• Haarverlengings moet ten alle tye natuurlik lyk.

DOGTERS: JUWELE, GRIMERING EN NAELS

Slegs die volgende juwele is toelaatbaar:
• Horlosie sonder enige versierings. (Horlosiebandjies anders as goud of silwer: skoolkleure - groen / swart / wit / geel / bruin leerbandjie.)
• Een MIDDIE bandjie en een MIDDIE LINK-bandjie word om gewrig toegelaat.
• Oorringetjies met 'n maksimum deursnit van die nuwe 10c-stuk (nie groter as 16mm) met 'n dikte van 2mm (slegs goud of silwer) - geen ontwerpe op die ringetjie nie.
• Slegs een paar goue of silwer oorknoppies ("studs") waarvan die deursnee 3mm is. Dit moet in die onderste gaatjie (indien daar meer as een is) gedra word.
• Geen pêreloorbelle nie.
• Geen oorbelle met balletjies aan agterkant van oor nie.
• Oorbelle mag nie met pleisters toegeplak word nie.
• Slegs een seëlring word toegelaat.
• Geen tongringe of juwele wat addisionele "piercings" (behalwe oorringetjies) vereis, word toegelaat nie.
• Slegs lapelwapens/speldjies van die skool of aktiwiteite waarby die skool betrokke is, mag op baadjielapelle gedra word
• Naels mag nie oor die vingerpunte steek nie.
• Naellak mag nie by skooldrag gebruik word nie.
• Geen grimering word toegelaat nie.
• Geen tatoeëring mag by Middie skool- of sportdrag sigbaar wees nie.
• Geen permanente grimering word toegelaat nie.

GRAAD 8–BEFFIE

Graad 8-beffie is beskikbaar @ **R120. Betaal asseblief voor die graad 8-kamp by Malinda Prinsloo (skoolfondskantoor).** Elektroniese betalings welkom - sien bankbesonderhede op bl. 3. Verwysing - naam en van van leerling en gr. 8-beffies. **Hierdie beffie sal tydens die graad 8-kamp by 'n spesiale geleentheid oorhandig word. Hierdie beffie word ook met alle skoolaktiwiteite bo-oor skooldrag gedra tot 16 Augustus 2017.**

SIWWIEDAE **(dra van siviele klere i.p.v. skooluniform)**

• Siwwiedae is 'n voorreg.
• Jou voorkoms en kleredrag op siwwiedae mag nie ontblotend, uitlokkend of uitspattig wees nie.
• Skoolreëls t.o.v. hare, naels, grimering en juwele geld steeds op siwwiedae.
• Op siwwiedae dra gr. 8's Middiedrag met 'n "warm-up top" as dit koud is.

MIDDIEDRAG EN SPORTDRAG: **(Beskikbaar by SCHOOL ZONE)**

Ons is trots op die informele Middiehempie en Middiekortbroek wat leerlinge per geleentheid kan aantrek, met oefening, as ondersteuners by sportgeleenthede of as 'n skoolgroep uitstappies onderneem. Koshuisleerlinge mag ook hierdie drag aantrek op hulle dorpsmiddae. Op siwwiedae dra gr. 8's Middiedrag met 'n "warm-up top" as dit koud is. Merk asb. baie duidelik.

SPORTDRAG:

ATLETIEK:
• Graad 8-leerders mag Middiedrag tydens die eerste twee atletiekbyeenkomste van die seisoen dra.
• Die ander atlete mag slegs die amptelike Middie-Lycra-atletiekdrag dra.
• Met Interhoër- en Prestige-byeenkomste moet alle atlete Middie-Lycra-atletiekdrag dra.
• Geen plakkies word by enige byeenkomste toegelaat nie.

ALLE ANDER SPORTSOORTE:
Sal deur u kind se afrigter deurgegee word.

ALGEMENE INLIGTING

Personeel sal vanaf Maandag 9 Januarie 2017 om 09:00 tot 13:00 by die skool wees. Die skool open vir leerders op Woensdag, 11 Januarie 2017 om 08:00 met formele saalopening. Alle nuwe ouers word hartlik uitgenooi om die opening in ons skoolsaal by te woon en daarna 'n koppie tee of koffie in die personeelkamer te geniet.

AMPTELIKE SKOOLTYE VANAF 11 JANUARIE 2017:

• Maandae – Donderdae: 07:20 – 13:35
• Vrydae: 07:20 - 13:00
• Elke eerste skooldag van 'n nuwe kwartaal begin om 08:00 met saalopening.

ONDERRIGGELD 2017:

Tydens 'n ouervergadering, gehou op 25 Oktober 2016, is die finansiële verslag vir 2016 en die begroting vir 2017 deur die ouers goedgekeur. Die volgende aanpassings is gemaak:
• Die totale skoolgeld vir die 2017 is R17 500 (10 paaiemente van R1 750 vanaf Jan. – Okt.).
• Indien die volle bedrag voor 28 Februarie 2017 betaal word, sal 'n korting van R500 toegestaan word.
• Skoolgeld kan nie eers eenmalig aan die einde van die jaar met 'n bonus betaal word nie, aangesien daar lopende koste dwarsdeur die jaar geskied.
• Debietorders word op die eerste werksdag van elke maand van Januarie – November verhaal.
• 'n Derde en 'n verdere leerder van dieselfde biologiese ouers in die skool ontvang 'n korting van 50% per leerder op die jaarlikse skoolgeld. (Dus R8 750 per jaar vir 'n derde en verdere leerder.)
• Let asb. daarop dat sommige ouers moontlik, op grond van die jaarlikse bruto inkomste van beide ouers, mag kwalifiseer vir gedeeltelike of volle vrystelling van betaling van skoolgeld. Volledige besonderhede i.v.m. die kriteria, die aansoekprosedure asook die glyskaal waarvolgens dit bereken word, kan by die skoolfondskantoor verkry word.
• Aansoeke om vrystelling moet jaarliks voor 31 Januarie by die skoolfondskantoor ingehandig word. U bly verantwoordelik vir die betaling van alle goedgekeurde skoolgeld totdat u aansoek goedgekeur is.

KOSHUISGELD 2017:

Koshuisgeld vir 2017 beloop R19 800 per jaar en is vooruit betaalbaar. (R4 950 per kwartaal.)
• U kan versoek dat die koshuisgeld ook maandeliks by u debietorder ingesluit word.
• Indien geen betaling vir koshuisinwoning ontvang word nie, sal toelating verbeur word.
• 'n Breekskadedeposito van R500 vir nuwe inwoners is eenmalig betaalbaar.
• Indien 'n leerling die koshuis verlaat, moet u betyds die nodige dokumente by die skoolfondskantoor inhandig. Rekeninge sal nie gesluit word alvorens die nodige getekende dokumente van verlating ontvang is nie.

BANKBESONDERHEDE:

Naam: Hoërskool Middelburg
Bank: Eerste Nasionale Bank
Tipe rek: Tjek
Rek.no.: 621 646 15232
Takkode: 270 150
Verwysing: (Naam en van van leerder + Gr. + bv. Hokkietoer)
Faks: 086 544 3826

VERLATERS:

Indien 'n leerder die skool gedurende die jaar verlaat, moet 'n verlatersvorm voltooi en die boeke ingehandig word sodat die rekening afgesluit kan word. U bly verantwoordelik vir skoolgeld totdat die handboeke ontvang is.

MERIETE:

Volgens 'n besluit van die Bestuursliggaam ken Hoërskool Middelburg jaarliks merietetoekennings toe aan toppresteerders. Dit is 'n finansiële toekenning in die vorm van 'n persentasie afslag op skoolgeld. 'n Aansoekvorm moet by die skoolfondskantoor voltooi en onderteken word om vir afslag te kwalifiseer.

Bewyse van die betrokke prestasie moet daarmee saam ingehandig word.

Hoofseun/dogter – Laerskool (>300 ll'e)	15%
Hoofseun/dogter – MHS	15%
Onderhoofleiers – Laerskool (>300 ll'e) & MHS	5%
Hoofseun/dogter – MHS-Koshuis	5%
Dux-leerder van die vorige jaar Graad 7 (skole > 300 ll'e) Graad 8-11	15%
Top 10 van die vorige jaar – Graad 8-11 (Dux-leerder uitgesluit)	10%
Provinsiale kleure in 'n skoolsport (vorige jaar)	
A-span:	10%
B-span:	5%

Kultuurprestasie op provinsiale vlak (vorige jaar) 10%

Navrae: Elsa van Wyk – Skoolfondskantoor.
Merieteafslagbeursvorms is by Elsa van Wyk beskikbaar.

NASORG:

- Leerders wat naskoolse aktiwiteite het, kan gebruik maak van die fasiliteite by die koshuise. Kaartjies is **vooruit** betaalbaar by die skoolfondskantoor.
- Koste: R50 per dag. (Middagete en geriewe om te verklee asook studie.)

Navrae: Elsa van Wyk - Skoolfondskantoor.

BUSROETES:

Die MHS-bussies volg daagliks die volgende roetes: Dennesig, Kanonkop, Mineralia, Groenkol, Aerorand en Witbank. Buskaartjies is by die skoolfondskantoor beskikbaar.

Witbankroete: R40 per dag.
Dorpsroetes: R15 per dag

Navrae: Malinda Prinsloo - Skoolfondskantoor.

SKOOLTAS:

Indien jou skooltas nog in 'n goeie toestand is, gebruik dit gerus en merk dit duidelik. Rugsakke word nie aanbeveel nie, maar indien dit gebruik word as 'n skooltas, moet dit versterkings hê, ten einde die boeke te beskerm.

GRAAD 8–KAMP:

Onthou die GRATIS verpligte gr 8-kamp te u-Bhetyan-o-Africa die eerste naweek (13 – 15 Januarie 2017) nadat die skool begin het. Dit beloof om een groot fees te wees! Die kamp is GRATIS! Die gr. 8-leerders, leerlingraad en gr. 8-personeel woon die kamp by. Dit is 'n gulde geleentheid om mekaar te leer ken en om gesonde verhoudings te bou. Sodoende kom ons gr. 8's terug met gemoedsrus en entoesiasme om hulle hoërskoolloopbaan aan te pak.

Enige kampnavrae kan aan mnr. Gert van der Westhuizen (Adjunkhoof) gerig word tydens skoolure by (013) 282 7393/4 uitbreiding 214.

Alle leerlinge moet die volgende saamneem:
(Koshuisleerlinge bring dit saam indien jou ouers jou nie weer voor die kamp sien nie.)

- Slaapsak & kussing
- Gemaklike stapskoene
- 4 stelle OU klere
- Swemklere & handdoek
- Eetgerei word voorsien
- Beskuit
- Bybel
- Toiletware
- Sakgeld vir snoepie (R80-R100 voldoende)
- Hoed en sonblok
- Flits
- Reënjas/windbreker
- Eie medikasie

Alle besittings moet DUIDELIK gemerk wees! Geen selfone of tablette nie.

Drag waarin graad 8's ry: Middiehemp, -broek en tekkies.

Vertrektyd: Vrydag, 13 Januarie 2017 om 08:00 die oggend vanaf die skool met busvervoer. (Geen skooltasse nodig nie)
Terug: Sondag, 15 Januarie 2017 ongeveer 15:00 by die skool.

Tydens die kamp is mnr. Gert van der Westhuizen ten alle tye beskikbaar by 071 670 7230 vir NOOD.

GRAAD 8–OUERBRAAI:

Ons jaarlikse kuiersaam-ouerbraai vind plaas op Maandag, 16 Januarie 2017 om 18h00. Vuur, pap, sous en slaai sal voorsien word. Bring net u eie vleis, drinkgoed en eetgerei saam.

Navrae: MHS – Bemarkingskantoor.

GRAAD 8–KONSERT:

Oefentye: Maandae tot Donderdae vanaf 16 – 27 Janaurie 2017
13:45 tot 15:00.

KONSERT:

Maandag 30 Januarie 2017 om 18:30 – leerlinge
Dinsdag 31 Januarie 2017 om 18:30 - ouers
Koste: Kaartjies beskikbaar by die deure vanaf 17:30.

DATUMS:

'n Kalender met datums vir 2017, asook nuwe inligting is beskikbaar op die School Communicator, webwerf www.middies.co.za en facebook.

DAGBOEK:

Wanneer 'n volledig voltooide toelatingsvorm ingehandig en die eerste paaiement betaal is, ontvang die leerder 'n skooldagboek met 'n jaarprogram en ander belangrike inligting daarin, asook handboeke en skrifte. Handboeke word aan die einde van die jaar teruggegee. Verlore handboeke word deur leerders self betaal.

GELDE EN TARIEWE 2017

Jaarlikse fooi per leerling	R 17 500.00
Paaiemente van Jan - Okt	R 1 750.00
Meer as twee leerlinge	
Eerste twee leerlinge	R 17 500 elk R 35 000.00
Derde en verdere leerders (per leerder)	R 8 750.00
Eenmalige betaling voor 28 Februarie 2017	
Korting indien eenmalig betaal	R 500.00
Totaal	R 17 000.00

DEBIETORDERS

Kan gereël word by skoolfondskantoor.

KOSHUISTARIEWE 2017

Koshuistarief per leerder per jaar	R 19 800.00
per kwartaal	R 4 950.00
per maand	R 1 980.00
Breekskadedeposito	R500 vir nuwe inwoners eenmalig betaalbaar.

KOSTESTRUKTUUR MHS KOSHUISE 2017

Nasorg	R 50 per leerder per middag
Oorslaap (sonder ete) vir aand	R 40 per leerder
Oorslaap en ontbyt	R 55 per leerder
Aandete, oorslaap en ontbyt	R 85 per leerder
Middagete, aandete, oorslaap en ontbyt	R100 per leerder
Aantal dae semi-perm vir sport	R 95 per dag

NAVRAE

Algemene navrae:	bemarking@middies.co.za
Skoolfonds en rekeninge:	agrobler@middies.co.za
Debietorders en subsidies:	mprinsloo@middies.co.za
Meriete- en sportbeurse:	evanwyk@middies.co.za

Mag jy en jou gesin 'n geseënde Kersfees beleef. Ons sien daarna uit om jou in 2017 as volwaardige MIDDIE te verwelkom!

Middiegroete

MNR. JOHAN STRONKHORST & PERSONEEL
MIDDELBURG HOËRSKOOL

SCHOOL ZONE
☎ 013 243 3241
Winkelure:
Maandag-Vrydag:
07:00-15:00
Die winkel sluit
12 Desember 2016
en heropen
2 Januarie 2017.